



Markus 1

Die besetene in Kapernaum

21 Hulle het in Kapernaum gekom. Toe die Sabbatdag aanbreek, het Jesus reguit na die sinagoge toe gegaan en die mense daar begin leer. 22 Hulle was verstom oor sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie. 23 Op daardie oomblik was daar in hulle sinagoge 'n man wat van 'n onrein gees besete was. Hy het uitgeskreeu: 24 "Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te verdelg? Ek weet goed wie U is; U is die Heilige van God!" 25 Maar Jesus het hom skerp aangespreek: "Bly stil en gaan uit hom uit." 26 Die onrein gees het die man stuiptrekkings laat kry, hard geskreeu en toe uit hom uitgegaan. 27 Almal was so verbaas dat hulle onder mekaar geredeneer en gesê het: "Wat gaan hier aan? Dit is 'n nuwe leer, en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die onrein geeste, en hulle gehoorsaam hom." 28 En dit was nie lank nie of daar is in Galilea oral in die hele omgewing oor Hom gepraat.

Riglyne

Laat twee persone in die familie die teks elke aand hardop lees, en vra elke familielid wat het hulle gehoor wat vir hulle uitstaan in die teks vandag. Watter beeld of woord het by hulle opgekom, en wat beteken dit vir hulle? Die vragies elke dag kan as riglyne gebruik word om gesprekke aan die gang te sit maar probeer om na die Heilige Gees te luister, hoe God homself aan elke persoon openbaar, en as n gesprek spontaan in 'n rigting beweeg moet dit nie stop nie, want dit is wat op daardie moment belangrik is.

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Op watter dag het die gebeure plaas gevind?
2. Hoekom sou Jesus se aardse bediening begin het in die Sinagoge?
3. Wat beteken dit vir ons vandag?

Dinsdag

1. Wat het Jesus in die Sinagoge gedoen?
2. Waaroor was die mense verstom?
3. Wat het toe gebeur?
4. Wat het die bese geeste gesê?
5. Hoekom praat die Geeste van meervoud ?
6. Wat doen Jesus toe, en wat beteken dit vir ons?

Woensdag

1. Wat was die mense se reaksie?
2. Gebeur dit nog vandag en reageer ons nog vandag daarop?

Donderdag

1. Wat sal julle sê is die nuwe leer?
2. Het die mense dit vir hulleself gehou?
3. Beteken dit iets vir ons?